JEUG ALPHA: Sessie 6 – Waarom en hoe moet ek die Bybel lees?

1. PRAISE AND WORSHIP

2. YSBREKER: Lego Kompetisie

- Gee vir elke groep ‘n Lego stel. (ons het goedkoop stelletjies by die Chinese winkel gekoop)
- Verduidelik dat dit ‘n kompetisie is.
- Wanneer jy tot drie tel, moet elke groep so vinnig as moontlik dit bou wat in die boksie is. (Die geheim is dat die groepe nie instruksies in die boks gaan kry nie, want dis voor die tyd uitgehaal)
- Kyk hoe die groepe vorder. As ‘n groep glad nie vordering maak nie, gee die instruksies vir hulle om hulle te help.

3. PROCESS YSBREKER:

- Laat instruksies jou voel asof jy beheer word of vind jy dit nuttig? Sou die instruksies dit makliker gemaak het om die stelletjies te bou? Beslis ja!
- Vanaand gaan ons bietjie stilstaan rondom die Bybel. Soos die Lego stelletjie se instruksies die bou van die stelletjies makliker sou maak, so maak die lees en die ken van die Bybel dit vir die kinders van God makliker om te weet WAT Hy van ons verwag, en HOE Hy wil hê dat ons moet leef.
- Ons vra vanaand die vraag: Waarom en hoe moet ek die Bybel lees?

4. VIDEO CLIP Episode 6 – Bible Why and How do I read the Bible?

(Hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groep beantwoord)

Vraag 1: Imagine you are stranded on a deserted island and you can only bring three things with you, what would they be?
(*Verbeel jou jy is gestrand op ‘n verlate eiland en jy kan net drie goed saam met jou neem, wat sal dit wees?)*

Vraag 2: What do you think the purpose of the Bible is today?
(*Wat dink jy is die doel van die Bybel vandag*)

Vraag 3: Have you ever tried reading the Bible before? How did it go?
(*Het jy al vantevore die Bybel probeer lees? Hoe het dit vir uitgewerk?)*

5. SPELETJIE: Staan dit in die Bybel?

Baie van julle mag dalk hier sit na die clip en steeds nie heeltemal verstaan wat die doel van Bybel lees is nie. Ander mag dalk hier sit en dink dat hulle die Bybel redelik goed ken. Ek het vanaand ‘n speletjie wat jou dalk sal kan help om te sien waar jy regtig staan wanneer dit kom by die Bybel ken. Elke groep kry ‘n blaai met aanhalings. Hulle moet gesels en saam besluit of die aanhaling uit die Bybel kom of nie. Wanneer almal klaar is, werk jy deur die antwoorde.

Baie mense dink dat hulle weet wat in die Bybel aangaan, maar as jy dit nie self-lees nie, sal jy nie verseker weet nie. Jy mag dalk dink dat jy nie nodig het om dit so dikwels te lees nie, maar ek kan

jou waarborg dat jy gaan uitmis. Hier is vrae om julle bietjie dieper te laat dink.

6. GROEPWERK:

Beantwoord die volgende vrae in julle groepe:

- Dink jy die idees in die Bybel is outyds en nie meer van toepassing nie?
- Dink jy dis nog die moeite werd om die Bybel te lees? Hoekom sê jy so?
- Is daar enige dele in die Bybel wat vir jou uitstaan of spesiale betekenis vir jou het?
- Hoe voel jy oor die idee dat God met jou deur die Bybel kan praat?
- Watter vrae het jy rondom die Bybel?
- Hoekom dink jy verbied party regerings die Bybel in hulle lande?

7. SAMEVATTING:

Ons mag dalk dink dat die Bybel ‘n stowwerige boek is, wat net vir mense in die ou tyd bedoel is. Dis heeltemal onwaar. Dit verskaf aan ons beginsels wat nie verander met tyd nie. Die Bybel help ons nie net met besluite nie, maar ook om ‘n verhouding met God te hê. Dis een van die algemeenste en belangrikste maniere hoe God met ons praat. Deur die Bybel hoor ons God en leer ons Jesus ken.

Deesdae is baie mense aan hulle selfone vasgegom oor hulle ‘n whatsapp tweets of instigrams verwag. Die boodskappe wat ons kry is belangrik, want dit kom dalk van ‘n ou of meisie, ouers of vriende. Die Bybel is God se boodskap aan ons. Kan jy bekostig om dit nie te lees nie?

8. Deel vir elke kind ‘n Riglyne om te help Bybel lees boekmerkie uit.

9. Sluit af met gebed.